

Christus laat ons met Hom as Here leef. Ons laat Hom nie in ons leef nie.

ds. PJ Kriel

30.05.2020

Inhoud Preek Romeine 10 Ervaring. Belewens Teenwoordigheid. Hierdie preek wys die verskil van 'n lewe in die geloof in die Here se magtige teenwoordigheid en 'n lewe waardeur mense hul self uit God se teenwoordigheid wegkeer met geestelike ervarings van 'n afgod wat hulle in hul self opmaak en die naam "Jesus" voor gee.

Skriflesing Romeine 10: 4 – 13; 1: 17; Deuteronomium 30: 11 – 14. Exodus 32: 1 – 6
Ps. 106: 20 Hosea 6: 2

Teks Rom. 10: 8 "Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart.

Tema Christus laat ons met Hom as Here leef. Ons laat Hom nie in ons leef nie.

1. Leef ons met God of al nader en nader aan God?

Paulus maak in Romeine 10 'n aanhaling uit Exodus 30! Moses wys vir Israel dat God se gebod altyd naby hulle is. Die rede hoekom God se geboorte naby hulle is, is omdat hulle leef in die magtige teenwoordigheid van die lewende God. Dit is hoe God met hulle is, as die lewende en teenwoordige God. Omdat God só saam met hulle is, kan hulle God se wil ken, daarvoor praat en daarvolgens lewe. Hulle kry nie van Moses menslike geestelike voorskrifte en regulasies nie. God wie by hulle teenwoordig is, gee self sy wil as God binne in hul hart en verstand as sy wet.

God is met ons en daarom is sy Woord in ons hart en verstand!

Paulus kondig aan dat dit Christus is wie God só met ons is, in sy aanhaling van Deuteronomium 30. Hy sê die Woord is naby ons, in ons mond en hart, en dan stel Hy dat Jesus Christus is die Here wie met ons is.

Hy is die lewende en teenwoordige Here met ons en daarom is sy Woord in ons hart en in ons mond. Ons vertrou Hom wie ons saam met Hom laat leef en praat oor Hom wie by ons is.

2. Hierdie aankondiging is die hoogtepunt van die verduideliking van die aankondiging in Romeine 1: 17 "Want daarin word geopenbaar dat God se geregtigheid geheel en al op geloof berus, soos daar geskrywe staan: "Wie op grond van geloof geregtig word, sal leef." (Direkte Afrikaanse vertaling)

Hierdie uitdrukking "sal leef" beteken ons sal met God in sy verbondsliefde en verbondstrou leef. Dit is die enigste wyse waarop mense saam met God as die lewende en teenwoordige God kan leef – binne sy verbondsliefde. In die profete word die Here se teenwoordigheid in sy verbondsliefde beskryf as "die magtige teenwoordigheid van God."

Christus laat ons met Hom as Here leef. Ons laat Hom nie in ons leef nie.

God se magtige teenwoordigheid as die lewende God beteken Hy is die Skepper wat die hele kosmos bestuur en onderhou, en alles in die kosmos laat gebeur soos dit gebeur. Sy magtige teenwoordigheid beteken dat Hy alles laat gebeur en beskik om sy kinders te versorg en te bewaar soos dit in Psalm 106 besing word: God se magtige teenwoordigheid beteken dat Hy die Rietsee as sy skepping aanspreek, dit droogmaak vir Israel om op deur te gaan en dit weer waters maak wat die Egiptenare verswelg Ps. 106: 8 – 10)

3. Hoe kan ons met God in sy magtige teenwoordigheid as God binne sy skepping leef?

Net as ons vir Hom reg is en reg lewe! Geen mens wie nie vir God reg is en nie vir Hom volgens sy wet reg leef nie, kan in sy magtige teenwoordigheid as die Lewende God, leef.

Dit is die samevatting van die inhoud van ons redding deur Christus in Rom. 1: 17 wat in Rom. 10 finaal só gestel word: Christus maak ons en ons lewe reg sodat ons met God in sy magtige teenwoordigheid kan leef: “Christus is tog die einde van die wet tot geregtigheid van elkeen wat glo.” (1953 Vertaling) Ons is reg en God laat ons lewe vir God reg wees, deur ons in te sluit en te laat deel in wie Jesus as mens in ons plek vir ons is. Wie Christus is, en wat Hy in sy lyding en opstanding vir en met ons doen, is die magtige daad van die Lewende God! Christus laat ons deur die magtige daad van sy lyding en opstanding, leef in die die magtige teenwoordigheid van God, soos dit al in Hosea openbaar is: “Hy sal ons na twee dae ’n nuwe lewe laat begin. Hy sal ons op die derde dag weer krag gee sodat ons in sy teenwoordigheid kan leef. (Hosea 6: 3) Met sy opstanding uit die dood op die derde dag is Christus God wie met ons is en ons lewe vir Hom reg maak en reg laat wees deur sy magtige daad

Christus is as mens volgens God se wet reg en leef volgens sy wet reg. Rom. 6:10 Hy is egter as sondeur, wat volgens die wet nie reg is nie en volgens die wet bekeerd geleef het, gestraf. Nou deel ons in Christus se geregtigheid as ons eie. Só kan ons in die geloof leef – ons vertrou die Here dat Hy elke dag met sy magtige daad waarin Hy ons vir Hom reg laat wees en reg laat leef, ons met Hom as die Lewende God laat leef.

Daarom kan God nooit vir ons ’n ver God wees nie. Hy is met ons en laat ons met Hom leef – en daarom is sy Woord in ons hart en in ons mond. Ons vertrou en bely ons vertrou in Hom wie met ons is in sy magtige teenwoordigheid as die Lewende God.

4. Wie is die naaste aan die Israeliete by die berg Horeb?

Christus laat ons met Hom as Here leef. Ons laat Hom nie in ons leef nie.

God wie hulle as sy volk uit Egipte met sy magtige daade in sy magtige teenwoordigheid gehou het of die beeld van die goue kalf wat hulle gemaak het?

Kyk wat sê hulle vir Aäron! “Kom maak vir ons ’n god dat hy ons kan lei. Hierdie man Moses het ons nou wel uit Egipte laat wegtrek, maar ons weet nie wat van hom geword het nie. “ Hulle maak ’n geloofsverklaring oor God! God is ver weg en ons wil god naby ons hê!” “Moses het ons weg laat trek uit Egipte maar nou gelos. Nou is ons godloos. Ons soek ’n god wat ons kan lei” Ps. 106: 20 beskryf hulle nuwe geloofsbelydenis só: “By Horeb het hulle ’n kalf gemaak, voor ’n god van metaal gekniel. Hulle het die magtige teenwoordigheid van God verruil vir ’n beeld van ’n bees wat gras vreet.” (vers 18 – 20)

God in sy magtige teenwoordigheid as die Lewende God is vir hulle, volgens hulle eie ervaring, nie meer by hulle nie. Hulle soek ’n God wat naby hulle is en aan wie hulle al nader en nader kan leef! Om ’n god te maak wat naby hulle is, is hoe hulle hul wegkeer uit God se teenwoordigheid regverdig: hulle soek ’n naby god met wie hulle kan naby leef in die plek van God se magtige teenwoordigheid.

Die goue kalf is die naaste aan hulle want God, die lewende Here, is weg. Afgode is naby-gode aan wie jy al hoe nader kan leef, maar die Skepper en Here van die skepping is ’n god te ver, te hoog, te diep en onbereikbaar ver vir mense!

5. Dit is presies net teenoor hierdie naby-afgode wat Moses God se wet só aankondig vir die Israeliete: “Die gebod wat ek jou vandag beveel, is nie te moeilik vir jou nie. Dit is ook nie buite jou bereik nie. Dit is nie in die hemel nie, sodat jy nie hoef te sê: “Wie sal vir ons opklim hemel toe om die gebod van God vir ons te gaan haal nie en ons dit mee te veel sodat ons daarvolgens kan leef nie. Dit is nie oorkant die see, sodat jy nie hoef te sê: “Wie sal vir ons oorvaar na die oorkant toe om vir ons die gebod te gaan haal en ons mee te deel sodat ons daarvolgens kan lewe” nie. Die gebod is baie naby aan jou, jy kan daarvoor praat, jy ken dit jy kan daarvolgens lewe.” (Deut. 30: 11 – 14)

Moses is presies net besig om die Israeliete se afgodsmentaliteit aan te spreek. Die God wat die wet gee is vir hierdie mense die ver God wie weg is en nie naby hulle is nie. Hulle soek iemand om vir hulle ’n naby god te maak met wie hulle kan naby leef.

Hoe kan die goue kalf die naby-god vir hulle wees en die Here wie as die Lewende en teenwoordige Here hul met sy magtige daade met plaes en wonders uit Egipte gelie, kos gegee en versorg het, die ver en afwesig god wees?

Die sleutelwoorde wat vandag hiervoor gebruik word, is “ervaring” en “belewenis.” Hulle ervaar en beleef die goue kalf as ’n naby-god. Die goue kalf is god binne in hulle. Dit is hoe God binne in hul harte, hulle gedagtes, hul siel en gees ’n god is. Die kalf is presies hoe hulle god binne in hulself opmaak, ervaar en beleef. Die naby-god

Christus laat ons met Hom as Here leef. Ons laat Hom nie in ons leef nie.

is die god wat jy vir jouself in jou hart, verstand en gees opmaak, en dan ervaar en beleef as god wie naby jou is, omdat hy binne in jou is.

Deur hierdie afgod wat hulle binne hulself opmaak, doen hulle iets ingrypends met die Lewende God wat met hulle teenwoordig is. Hulle maak die magtige teenwoordigheid van die Lewende God – afwesig, ver en onbereikbaar. Die Here Jesus wie in sy magtige daad self God met ons teenwoordig is, verklaar hulle as 'n afwesige God wat nie so naby soos hierdie god-binne-hulle, aan hulle kan kom nie. Hy is net so ver weg as wat Moses nou vir hulle weg is.

6. Hoe naby het hulle die goue kalf as god ervaar en beleef?

Dit word só beskryf: hulle het offers gebring, gesit en geëet en gedrink, en opgestaan om te speel! (1953O vertaling) of te wel “losbandig te kere gegaan. (1983 vertaling) Die vertaling “losbandig te kere gaan” kan verkeerdelik die indruk van sedeloosheid ter wille van sedeloosheid skep. Hierdie “opstaan en speel” is 'n beskrywing van afgods-etes. Hulle het kos en drank eers as offers gewei aan 'n god. Dan het hulle dit dan as offerkos en drank, geëet en gedrink saam met hulle god in 'n godemaaltyd. Hierdie godsmaal was die viering van hul eenheid met die krag, mag en lewe van hul god waarmee hul in die offers een geword het. Daarna het hulle opgestaan en gespeel. Die woord “speel” is 'n Hebreeuse eufemisme vir geslagtelike verkeer, regte seks met regte mense om saam in hul seksualiteit hierdie godsdienstige intimiteit met mekaar, die goddelike krag en mag van hul god te beleef. Hierdie godsdienstige seks was die viering van hoe naby, hoe intiem hulle met hulle god is – een in sy krag, mag, lewe en naam as jou eie. Met kos, drank en seks, intiem persoonlik met die god in jou wat jy vir jouself opgemaak het!

So naby het hulle die god wat hul opgemaak het, ervaar en beleef: intiem persoonlik diep binne in hulle!

Hierdie intiem persoonlike ervarings en belewenisse van die god in hulle, wie hulle vir hulself opmaak binne hulle en met beelde uitbeeld, kon die God wat hulle uit Egipte gelei het, nie vir hulle gee nie.

Dit moet ons duidelik sien! Nie een van die besondere oomblikke van God se teenwoordige sorg, liefde en trou was vir hulle 'n soos hierdie spesiale ervaring en belewenis met die goue kalf gewees nie.

7. Dit kan ons help om 'n onderskeid te maak tussen die besonderse oomblikke wat ons in ons lewe het met God, wie ons met Hom laat leef, en die hierdie intiem persoonlike ervarings en belewenisse van afgode in afgodsdienste.

In hulle versugting na 'n naby-afgod het hulle nie een van die Tien plae waarmee God hulle uit die mag van die goddelike Farao bevry het, ervaar as 'n intiem persoonlike belewenis met God nie. Hierdie mense het self gesien hoe God die

Christus laat ons met Hom as Here leef. Ons laat Hom nie in ons leef nie.

Egiptenare se vee van pes laat vrek, maar hulle vee laat lewe, hoe God die Egiptenare met swere teister terwyl hulle gesond bly, hoe die Here die hele Egipteland met hael stukkend slaan, maar nie hulle land, die Egiptenare se eersgebore kinders gesien sterf het, maar nie een van hulle kinders nie. Dit was werklik besondere oomblikke in hulle lewe in God se magtige teenwoordigheid as die Lewende Here. Hulle het self gesien hoe die Here hulle droogvoets deur die Rooi See laat loop en die Egiptenare in dieselfde see laat verdrink het. Dit is en moes mos vir altyd 'n besondere oomblik in hulle lewe met God gewees het. Net so moes dit mos baie besondere oomblikke met God in sy magtige teenwoordigheid gewees het toe hulle manna uit die hemel en water uit 'n rots ontvang het.

Dit is en kan mos niks anders as besondere oomblikke in hul lewe met God in sy teenwoordigheid gewees het nie. Hulle was self deel van sy magtige daade en teenwoordigheid. Dit het met hulle gebeur. Dit is nie deur ander met wie dit gebeur het aan hulle vertel nie!

In hierdie teenwoordigheid van God wie met hulle is, soek hulle egter iets wat hulle God baie nader en intiemer sal laat beleef, as om met Hom in sy teenwoordigheid te leef. En dit wat hulle met God 'n baie meer nader, intiemer en dieper belewenis van God gee, is hulle afgod wat hulle self opmaak binne in hulle.

Met hierdie dieper, intiemer, nader geestelike belewenis van hierdie god in hulle, minag hulle alles wat besonders was in hul lewe met God, asof God niks daarmee te doen gehad het nie, met hierdie woorde: "Moses wat hulle uit Egipte laat wegtrek het" ((Deut. 32:1) Nie God nie, sommeer net Moses! Nie met God se magtige daade nie, sommeer net Moses het ons laat wegtrek! Nie God het ons met Hom in sy teenwoordigheid versorg en bewaar nie. Sommeer net: "Moses het ons laat wegtrek!" Kyk weer wat sê hulle vir die goue kalf, die god binne in hulle wat hulle self opmaak en as 'n bees wat gras vreet uitbeeld: "Hier is jou God wat jou uit Egipte bevry het, Israel!" (Ex. 32: 4) 'n Bees wat gras vreet is jou redder en jou verlosser!

Dit is die hart van alle afgodsdienste. As die god wat jy vir jouself opmaak, jou redder en verlosser is, dan het jy jouself gered, soos hulle stel: "Moses het ons uit Egipte laat wegtrek. Nie "God het ons gelei of gered" of selfs "God het ons deur Moses gered nie." 'n Berekenende godlose selfredding: ons het weggetrek en Moses het ons laat wegtrek: hier is daardie god nou! Die goue kalf wat gras vreet!

8. Met hierdie afgod binne in hulle misken en ontken hulle alles wie God as die teenwoordige en lewende Here met hulle is. Al die besondere daade van God wat hulle ken as besondere oomblikke in hul lewe saam met God – is nie meer vir hulle so besonders soos hulle ervaring van die goue kalf nie.

Christus laat ons met Hom as Here leef. Ons laat Hom nie in ons leef nie.

Daarom skryf hulle sommer alles wie God in sy teenwoordigheid vir hulle is, met hulle doen, en vir hulle gedoen het, toe aan hierdie afgod met wie hulle nou so 'n diep, intiem en persoonlike ervaring en belewenis het.

Seker die beste beskrywing van wat alles geestelikes met God doen, kry u in die optrede van Aaron. Toe hy hoor dat die Israeliete God ontken, misken en minag met die god wat hulle binne in hul self opgemaak het, maak hy die volgende verklaring: "Môre is daar 'n fees vir die Here." (Ex. 32: 5) Die Afrikaans maak dat ons nie dadelik kan hoor wat Aaron hier doen nie. Kom ons stel dit só! Wat was die naam van goue kalf, die afgod wat Israel in hul gees van God gemaak en uitgebeeld het? Elke god het mos is 'n naam? Wat was hierdie afgod se noemnaam? Dit is wat Aaron hier doen. Wanneer hy aankondig "môre is daar 'n feesdag vir die Here", dan verklaar hy dat hierdie goue kalf se naam is "Jahweh." Dit is hoe God vir Moses in Ex. 3: 14 en 15 sê hulle hom moet aanroep. Met die woorde: "Ek is". Dit wat "Jahweh" beteken. Daarmee het God vir Moses gesê dat Hy nie soos afgode 'n noemnaam het nie. Mense kan Hom nie met 'n noemnaam aanspreek nie want mense kan God nie benoem, met Hom identifiseer nie. Hy is wie Hy is en doen wat Hy doen uit Homself, deur Homself en tot Homself! Hy is wie Hy is.

Aaron maak van God se Naam 'n noemnaam vir die afgod van die volk. Hulle goue kalf se naam is nou "Jahweh." Daarom mag die volk nou verklaar: "Hier is jou God wat jou uit Egipte gelei het", want hierdie afgod se naam is nou "Jahweh."

Hierdie nuwe "Jahweh" is nou die God met wie hulle intieme persoonlike godservaring kan beleef waarin hulle een is met sy goddelike krag, mag, lewe en naam, met offerfeeste waarin hulle godsmaaltye hou en opstaan en godsdienstig intiem met mekaar is.

Hierdie nuwe godservarings en belewenisse – met die god wat hulle binne in hulself opmaak en "Jahweh" noem, is hulle naby god, hulle intieme god, hulle ervaaarde en beleefde God. Die Here wat hulle in sy magtige teenwoordigheid laat leef in sy troue liefde, wie hulle met magtige daade uit Egipte verlos het, en in wie sy teenwoordigheid hulle nog steeds by die berg Horeb is, is weg, net soos Moses weg is!

9. Leef ons saam met die Here Jesus Christus wie God met ons is, in sy magtige teenwoordigheid as die Lewende Here of leef ons al nader en nader aan die Jesus wie 'n god binne in ons is?

Dit is die keuse tussen die magtige teenwoordigheid van die Here Jesus Christus wat uit die dood uit opgestaan en aan die regterhand van God die Vader nou self God met ons is of die intiem persoonlike belewenis van 'n god binne in ons wie ons een met die krag, mag lewe en naam van God maak. 'n Afgod binne ons wie predikante, pastore en priesters die Naam Jesus gee, nes Aaron vir die goue kalf die naam "Jahweh" gegee het.

Christus laat ons met Hom as Here leef. Ons laat Hom nie in ons leef nie.

Jesus Christus is God met ons. Hy is God wat so magtig teenwoordig is dat ons nie verskrik en beangs van sy magtige teenwoordigheid wegvlug nie. Hy is God met ons wat ons deur sy eie lyding, kruisiging en dood, reg maak en reg laat wees sodat ons met hom in sy magtige teenwoordigheid as God kan leef. Dit is hoe Paulus dit stel in Rom. 1: 17: Elkeen wat deur God geregverdig is omdat Hy glo, sal lewe. Sal met God in sy magtige teenwoordigheid kan leef, omdat God Hom vir sy liefde regmaak en reg laat wees. Ons is gered vir 'n lewe saam met God in sy liefde, trou en guns, in sy magtige teenwoordigheid. Ons leef saam met die Here Jesus Christus in die magtige daade waarin Hy ons insluit en laat deel in die magtige daade van sy dood en opstanding. Ons leef met Hom in 'n lewe waarin ons deel is van besondere oomblikke saam met Hom wat ons van kan vertel, van ons geboorte tot en met ons dood.

“Maar dit is te ver! Dit is nie naby genoeg nie”, word daar elke dag vir ons deur predikante, priesters en pastore gesê! Want al leef ons reg gemaak vir God, saam met die Here Jesus Christus in sy magtige teenwoordigheid, het ons nog nie intieme geestelike ervarings en belewenisse met God wat ons al nader en nader aan God sal bring nie.

10. Ek wil hier van my gebruik om nie staaltjies te vertel nie afwyk en vir u iets van my pa vertel. Terwyl ek in hierdie Covid-19-tyd besig was met ons familie geskiedenis het ek weer op my pa se Bybel afgekom van 1939. Van sy geboorte vir 22 jaar lank was hy gelowig en het hy in die teenswoordigheid van die Here geleef met die Here. In 1939 het 'n spesiale bekeringsprediker van die NG Kerk, ds. Kolie Kotzé Germiston gemeente besoek, en met 'n visioen my pa oorweldig en oortuig hy het nie God binne in sy lewe nie. Toe moes my pa, net soos al die ander NG lidmate met elke Pinkstertyd sy lewe vir God oopmaak sodat God in sy lewe kan inkom, sy hart en lewe vir God gee sodat God binne in sy hart en lewe kan kom leef, self van die troon van sy eie lewe afklom sodat god op die troon van sy hart kan kom sit, sy eie-ek dood maak en kruisig, sodat hy deel van die goddelike krag, mag, lewe en naam van God kan word binne in homself, homself niks moet maak nie sodat God deur Hom kan leef en hy God kan uitbeeld in sy lewe.

Hy moes vir hom self 'n god opmaak in sy eie binneste! Die die Here Jesus in wie se magtige teenwoordigheid hy tot op daardie oomblik geleef het, met magtige daade vir Hom gely en uit die dood uit opgestaan om God met hom te wees, sodat hy met Hom in sy verbondsliefde in sy magtige teenwoordigheid as Here van sy skepping kan leef, het ds. Kotzé weggepreek. Ds. Kolie het hom oortuig dat hierdie Here niks is, niks gedoen het en dat Hy 'n god binne in homself moet opmaak om God naby te ervaar!

Met hierdie afgod het ds. Kotze my pa oortuig om elke dag Bybel te lees as die wyse waarop hy al nader en ander aan hierdie god binne in hom sal kan kom. My pa het

Christus laat ons met Hom as Here leef. Ons laat Hom nie in ons leef nie.

sy Bybel van 1939 met dagaantekeninge in 200 dae deurgelees en by elke dag die datum en 'n kort opmerking neergeskryf. Elke dag met elke Skriflesing skryf hy, "nog nader en ander aan Jesus" of "al dieper en dieper in Jesus". En op een dag staan daar toe hierdie woorde: "Ek is moeg."

Moeg vir hierdie geestelike oefening om al nader en ander na Jesus te leef en al dieper en dieper in Jesus jou in te leef met geestelike ervarings en belewenisse dat hierdie god jou al meer en meer deel van sy goddelike krag, mag en lewe maak. En toe het hy net daarmee opgehou! Toe het hy maar net weer in die geloof in die magtige teenwoordigheid van God geleef.

11. Hoe kan jy al nader en nader aan die goue kalf leef?

Deur al meer en meer te bid, deur al meer en meer sy beeld uit te dra en rond te dra, deur al meer en meer geestelike belewenisse en ervarings hoe sy goddelike krag, mag en lewe jou krag, mag en lewe is, deur Hom al nader en ander aan jou vas te hou, hom altyd met jou saam te vat orals waar jy gaan, en al meer en meer soos Hy te probeer word sodat jy sy beeld kan uitdra!

En al hierdie geestelike oefening om al nader en nader aan, al dieper en dieper in die kalf weg te sak, is hoe jy die magtige teenwoordigheid van god verruil vir 'n beeld van 'n bees wat gras vreet! Vir 'n dooie godsbeeld binne in jou wat net 'n god kan wees wanneer jy hom met spesiale ervarings en belewenisse 'n lewende god maak. Want hierdie Jesus wie in jou opgemaak is, net so dood soos 'n dooie beeld van 'n bees wat gras vreet.

Die god wat binne in ons moet inkom om 'n god binne in ons te word, is nie die Here Jesus nie, al noem geestelikes hierdie afgod in ons eie hart en gedagtes en gees, "Jahweh" of "Jesus". Hulle gee maar net die Naam Jesus aan hierdie afgod wat hulle binne in ons opmaak!

'n Mens kan nooit nader en nader aan die Here Jesus kom, of al dieper en dieper in die Here Jesus wegraak nie. Want Hy is self die Lewende God wat ons deur sy kruisiging en opstanding in sy magtige teenwoordigheid as God met laat leef. Sonder vrees, want Hy maak ons reg en laat ons lewe vir Hom reg deur sy magtige daade.

Omdat ons geregverdig is deur die Here, leef ons saam met die Here. Hy is altyd met ons in sy magtige teenwoordigheid. Hy laat ons in sy volle verbondstrou en liefde deel, nader en dieper kan dit nooit nie. Daar het ons hom met ons hart lief en getuig ons met ons mond van sy magtige teenwoordigheid as Here waarin ons binne in sy liefde leef.

Dit is die geestelikes van hierdie wêreld wat ons van die Here Jesus se magtige teenwoordigheid wegkeer deur ons in te keer in afgode wat hulle binne in ons opmaak en die Naam Jesus voor gee.

Christus laat ons met Hom as Here leef. Ons laat Hom nie in ons leef nie.

Die toets of u met die Here saam leef in sy magtige teenwoordigheid of net 'n afgod wat binne in jou opgemaak is mee saam leef is maklik! Leef jy in die geloof dat die Here Jesus Christus jou reg gemaak het om in die liefde van God se magtige teenwoordigheid leef of moet jy geestelike ervarings en belewenisse kry om al nader en ander aan die dooie afgod wat in jou hart opgemaak is te kom?

Is God ver en weg as jy Hom nie beleef en ervaar nie, of hou Hy jou altyd in sy magtige teenwoordigheid sonder dat jy Hom moet naby maak met jou geestelike ervarings?

Kan jy vertel van al die magtige daade waardeur God elke dag jou Skepper en Here is, sy reddingsdade aan die kruis en sy sorg deur reën, son en die bestuur van al die nasies van die wêreld, of moet jy vertel van jou geestelike belewenisse en ervarings van god binne in jou?

Leef ons in die magtige teenwoordigheid van die Here wie 'n virus beskik en bestuur volgens sy wil of moet ons nou weer offers en feeste hou om geestelik naby ons god te kom om weg van die virus te kom?

As jy die las dra om al nader aan jou god te kom, al dieper in hom weg te raak, na spesiale geleenthede oorsee moet gaan of met geestelike ervarings hemels te raak, dra jy die las van 'n dooie afgod wat predikante, priester en pastore in jou opgemaak het. Kom ons verwerp hierdie las: "Naby ons is die Woord in ons mond en ons ons hart: Ons leef in die liefdevolle magtige teenwoordigheid van die Here Jesus Christus. Nader as wat Hy ons met Hom laat leef, kan dit nie. Dieper as die liefde waarin Hy ons insluit is daar nie.

Kom ons breek met hierdie dooie afgod wat binne in ons opgemaak word en die naam "Jesus" voor gegee word. Hy is net soos 'n bees wat gras vreet. Hy is nie God nie.

Kom ons leef in die geloof in die magtige teenwoordigheid van Jesus Christus die Here.